(Nuwe) Gemeente Ontwikkeling vir 'n nuwe tyd

Braam Hanekom Andrew Esterhuizen

Dr Braam Hanekom (NG Gemeente Stellenberg) is saam met ds Andrew Esterhuizen (VGK Gemeente Kraaifontein) deur die Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking (SRKS) en die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland gekontrakteer om vir `n periode van 3 jaar, deeltyds verantwoordelikheid te neem vir (Nuwe) Gemeente Ontwikkeling. Dr Hanekom gee hier `n paar kort perspektiewe op die taak.

Dit is teen hierdie tyd reeds ou nuus dat gevestigde kerke sukkel om te groei deur middel van evangelisasie. Dié wat wel groei, groei deur lidmate wat oorkom van ander gemeentes of denominasies. Navorsing toon aan dat slegs 1% van kerke in die VSA deur evangelisasie groei. Jaarliks sterf/sluit daar 3 500 gemeentes. Daar bestaan nie akkurate navorsing oor evangelisasie in Suid-Afrika nie, maar statistiek toon baie duidelike tendense aan. Van die belangrikste kan soos volg saamgevat word:

Tendense

- In 1980 het 91% van alle Afrikaanssprekendes in SA aan een van die drie susterkerke behoort. Met die 2001 sensus het die getal gedaal na 51%!
- In die vroeë tagtigerjare was daar ongeveer 450 000 dooplidmate in die NG Kerk. Die getal het tot ver onder die 300 000 gedaal. Hou verder in gedagte dat statistiek wys dat bykans 50% van die name "op die boeke", die kerk verlaat deur of kerklos te raak of by een of ander "charismatiese" of "vernuwingsgroep" aan te sluit.
- Twintig jaar gelede was die gemiddelde inskrywingstal van eerstejaars by `n instelling soos die Kweekskool op Stellenbosch ongeveer 100 per jaar. Die getal het gedaal na ongeveer 10 - 20 per jaar. Ten spyte daarvan, sukkel predikante steeds om werk te kry. Die rede? Gemeentes verminder net so vinnig poste soos wat die getalle daal.
- Sensusdata dui aan dat daar `n massiewe verstedeliking aan die gang is. Ten spyte daarvan, het daar die afgelope 20 jaar feitlik geen afstigtings plaasgevind nie. Die gevolg is dat "stede" aan die ontwikkel is met baie groot areas waarin die hoofstroom kerke glad nie voorkom nie.
- Na 1994 is daar groot demografiese skuiwe besig om plaas te vind. In die Kaapse Metropool alleen het die swart bevolking die laaste dekade met 45% gestyg. Eens "wit" gebiede het oornag van kleur verander. Tog is die NG Kerk steeds spierwit. `n Massiewe daling in getalle is dus `n noodwendigheid.
- Kyk ons na die sensusdata, dan sien ons dat NGK lidmate armer, ouer en minder word.

- Op die platteland is die prentjie nog meer dramaties met gebiede waar die inkomste van NG Kerk huishoudings oor `n vier jaar periode ('96-'01) feitlik halveer het.
- Binne die VGK lyk die prentjie nie veel anders nie, met 100 van die 300 gemeentes in Kaapland wat vakant is.
- Voeg hierby die feit dat gemeentegrense steeds vervaag, formele lidmaatskap vir meer en meer mense irrelevant word en sekularisasie duidelik in volle swang is en jy besef dat die sitplekgordels maar vasgemaak moet word.

Nuwe gemeentes

Ons sou nog veel meer kon noem, maar die die belangrike vraag is, wat staan ons te doen? Een van die antwoorde wat al meer en meer op die tafel kom is dat van die mees effektiewe wyses van evangelisasie vandag gevind word in die skep of "planting" van nuwe gemeentes of bedieningspunte wat met `n sensitiwiteit vir en `n fokus op kerklos lidmate funksioneer. Evangelisasie moet weer in die hart van die gemeente kom staan en vars strukture moet geskep word wat met `n nuwe relevansie binne `n nuwe tyd met `n nuwe geslag kan kommunikeer.

Kapasiteit

Die sinode van Wes-en Suid-Kaapland het ernstig hieroor besin en besluit om vir `n periode van 3 jaar kapasiteit te skep wat spesifiek op hierdie uitdagings moet fokus. `n Kantoor vir (Nuwe) Gemeente Ontwikkeling (GO) is geskep wat in samewerking met die SRKS aan die saak moet aandag gee. Die SRKS is die afgelope 50 jaar verantwoordelik vir kerkplanting binne die VGK (voorheen NGSK in SA). Dit word al duideliker dat nog die NGK, nog die VGK die wa alleen deur die drif gaan trek. Van die belangrikste doelwitte is die volgende:

- Die doen van `n behoorlike demografiese-situasie analise om die aard en omvang van die situasie behoorlik te bepaal.

Van die mees effektiewe wyses van evangelisasie word vandag gevind in die skep of "planting" van nuwe gemeentes of bedieningspunte wat met 'n sensitiwiteit vir en 'n fokus op kerklos lidmate funksioneer.

- Die skep van `n nuwe kultuur waarin die kerk weer sal fokus op buite-kerklikes en kerklos mense. Gemeentes moet werklik aangemoedig word om weer evangelisasie te dink. Wie dit doen sal noodwendig nuut oor hulself begin dink.
- Die skep van nuwe energiepunte in kwynende en groeiende areas wat die uitdagings van `n nuwe tyd sal aanspreek. Daar sal gewoon buite die kassie gedink moet word. Twaalf moontlike areas van ontwikkeling is reeds geïdentifiseer en is in verskillende fases van beplanning.
- Die vestiging van gespreksgroepe wat saam oor die saak kan dink en mekaar wedersyds kan stimuleer.
- Die doen van navorsing oor die saak. Daar is ander hoofstroom kerke wat ons ver vooruit is. Gelukkig hoef die wiel nie weer uitgedink te word nie.
- Die opleiding en toerusting van leiers wat met die nodige vaardigheid hierdie nuwe uitdagings kan hanteer.

Indien daar gemeentes is wat meer inligting soek of wil saam gesels kan Braam of Andrew soos volg gekontak word:

Braam
083 302 8639/ (021) 957 7202
braam@kaapkerk.co.za

Andrew
084 687 4064/ (021) 957 7202
aje@kaapkerk.co.za